



Inenting en goeie bestuurspraktyke

Deur Rachelle Cloete

Die inenting van lewendehawe is 'n voorvereiste vir 'n gesonde kudde. Hierdie voorkomende aksie is in sommige gevalle verpligtend volgens wetgewing en in ander 'n vrywillige opsie. Inenting teen miltsiekte is verpligtend vir alle herkouers en inentings teen drie-dae-stywesiekte, knopvelsiekte, bloutong en Slenkdalkoors is onder andere vrywillige toedienings.

Dit is vir inentingsdoeleindes baie belangrik dat elke dier uniek met 'n peutertrae, nie-herbruikbare lasergemerke oorplaatjie gemerk word, sodat die dier sonder twyfel oor jare geïdentifiseer kan word. Dit is baie belangrik om die dier se rekordhouding rakende inenting aan te teken, sodat dit later maklik nagespeur kan word.

Die gebruik van die aanbevole oortang verseker dat die oorplaatjie se sluitmeganisme korrek funksioneer by aanwending en dat dit ook op die regte plek aan die dier se oor aangebring word. Dit verseker dat die plaatjie nie die dier pla nie en ook nie maklik uit die oor skeur nie. So 'n hoë-gehalte oorplaatjie verseker die regte vertrekpunt vir aantekening in 'n bestuursprogram.

Akkurate boekhouding

Inenting teen miltsiekte is 'n goeie voorbeeld van 'n entstof wat een keer per jaar toegedien word. Dit kan dan in die boer se bestuursprogram aangeteken word met die nodige inligting oor die proses, wie dit toegedien het en ander relevante inligting. Aantekeninge kan ook in die



bestuursprogram gemaak word van die datum waarop 'n skraagdosis toegedien moet word vir maksimale en doeltreffende resultate en 'n herinneringskennisgewing.

Maak dus seker dat jou bestuursprogram die nodige inligting bevat om aan die regsvereistes te voldoen en jou terselfdertyd in staat sal stel om akkuraat boek te hou van die diere wat geënt is, wie die diere geënt het, die datum, naam van die produk gebruik, dosis toegedien, vervaldatum, reeksnommer en die datum waarop die skraagdosis toegedien moet word.

Inentings vind nie altyd op dieselfde tyd plaas nie. Dit is baie maklik om die datum waarop die skraagdosis toegedien moet word, te vergeet. Sommige kuddes word ook nie as 'n geheel op dieselfde tyd geënt nie en dit is dus nodig

om goed kop te hou oor die toediening van die skraagdosis. Dit is hier waar 'n goeie identifikasieplaatjie in die bestuurstelsel waarde toevoeg. Dit verseker dat die regte dier volgende jaar weer geënt word en statistiek kan teenoor die dier se unieke oorplaatjienommer in die bestuurstelsel aangeteken word. So word dit makliker om na elke dier se individuele inentingsgeskiedenis te kyk en die nodige beplanning te doen.

In gevalle waar 'n siekte-uitbreking plaasvind, kan die owerhede vereis dat die eienaar van lewendehawe die nodige rekords vir inspeksie beskikbaar moet stel. 'n Ander positiewe punt van goeie identifikasie en rekordhouding vir die verkoper van lewendehawe is die vermoë om die nodige rekords en geskiedenis van die betrokke dier aan die volgende eienaar beskikbaar te stel.



Kontak ons vir inligting en implementering van die GMPBasic®-bestuurstelsel.
Kontak GMP Traceability by 083 263 3471 of 011 954 4971, epos.support@gmpbasic.co.za.

Besoek ook ons webwerf by www.gmptags.co.za.

GMP Traceability Management Software cc – CK1998/001282/23

www.gmptags.co.za